2017/07/24
08:50 AM

# Graan SA Oggend Markkommentaar

| GRAIN SA GRAAN SA | DATUM 2017/07/24 | DATUM 2017/07/21 | | | + - WEEK GELEDE 2017/07/17 | | + - MAAND GELEDE 2017/06/26 | | + - JAAR GELEDE 2016/07/25 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data |
| DJIA-index | 21580 | -31.71 | -0.1% | 21612 | -0.3% | 21638 | 0.9% | 21397 | 16.7% | 18493 |
| Goud (Spot) | 1253.80 | 8.31 | 0.7% | 1245.49 | 1.9% | 1230.71 | 0.1% | 1252.52 | -5.0% | 1319.32 |
| Brent $/vat | 48.12 | -1.11 | -2.3% | 49.23 | -1.7% | 48.94 | 4.8% | 45.93 | 7.1% | 44.91 |
| 1 € / US$ | 1.1670 | 0.002 | 0.2% | 1.1647 | 1.9% | 1.1453 | 4.5% | 1.1167 | 6.0% | 1.1012 |
| 1 US$ / ZAR | 12.89 | -0.060 | -0.5% | 12.95 | -1.0% | 13.02 | -0.5% | 12.95 | -9.9% | 14.31 |
| Corn | R 1 927.05 | -102 | -5.0% | R 2 029.06 | *CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day | | | | | |
| Wheat | R 2 364.58 | -38 | -1.6% | R 2 402.95 | * CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day | | | | | |
| Soybeans | R 4 803.76 | -45 | -0.9% | R 4 848.72 | * CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day | | | | | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | | | | | |
| Corn Sep 17 | 379.75 | -18.25 | -4.6% | 398.00 | 4% | 365.00 | 6% | 359.00 | 5% | 362.00 |
| Wheat Sep 17 | 499.25 | -5.75 | -1.1% | 505.00 | 1% | 494.00 | 11% | 450.00 | -1% | 502.75 |
| Soybeans Sep 17 | 1014.25 | -4.75 | -0.5% | 1019.00 | 3% | 985.00 | 12% | 906.75 | 7% | 951.25 |
| . | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Dec '17 | 3170.00 | 0.00 | 0.0% | 3170.00 | -0.1% | 3174.00 | 17.4% | 2700.00 | -0.9% | 3200.00 |
| WMAZ Spot | 1835.00 | -2.00 | -0.1% | 1837.00 | 2.0% | 1799.00 | 8.5% | 1691.00 | -57.1% | 4280.00 |
| WMAZ Sept 17 | 1867.00 | -8.00 | -0.4% | 1875.00 | 1.4% | 1842.00 | 6.9% | 1746.00 | -56.8% | 4317.00 |
| WMAZ Dec 17 | 1937.00 | -6.00 | -0.3% | 1943.00 | 1.1% | 1915.00 | 7.3% | 1805.00 | -55.4% | 4342.00 |
| YMAZ Spot | 1938.00 | -17.00 | -0.9% | 1955.00 | 1.0% | 1919.00 | 6.8% | 1814.00 | -40.8% | 3271.00 |
| YMAZ Sept 17 | 1973.00 | 18.00 | 0.9% | 1955.00 | 0.6% | 1962.00 | 6.2% | 1858.00 | -40.4% | 3311.00 |
| YMAZ Dec 17 | 2060.00 | 0.00 | 0.0% | 2060.00 | 0.5% | 2049.00 | 7.1% | 1923.00 | -38.8% | 3366.00 |
| SOY Spot | 4775.00 | -20.00 | -0.4% | 4795.00 | 0.1% | 4768.00 | 6.1% | 4502.00 | -29.9% | 6811.00 |
| SOY Sept 17 | 4850.00 | -25.00 | -0.5% | 4875.00 | -0.1% | 4853.00 | 5.9% | 4578.00 | -29.4% | 6870.00 |
| SUN Spot | 4725.00 | 47.00 | 1.0% | 4678.00 | 1.5% | 4654.00 | 7.1% | 4410.00 | -18.1% | 5769.00 |
| SUN Sept 17 | 4830.00 | 43.00 | 0.9% | 4787.00 | 1.2% | 4775.00 | 5.9% | 4561.00 | -17.2% | 5831.00 |
| WHEAT Spot | 4717.00 | 87.00 | 1.9% | 4630.00 | 2.9% | 4585.00 | 13.8% | 4144.00 | 6.7% | 4420.00 |
| WHEAT Dec 17 | 3857.00 | 5.00 | 0.1% | 3852.00 | 0.2% | 3850.00 | -1.5% | 3917.00 | -12.4% | 4403.00 |
| NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE | | | | | | | | | | |

**Markoorsig:** Die rand verhandel vanoggend teen R12.90/$ wat 5 sent sterker as die R12.95/$ is waarteen dit Vrydag met marksluiting verhandel het. Die rand het ondersteuning gevind met die doller wat op die agtervoet is teenoor die vernaamste geldeenhede en dit bied ondersteuning aan die geldeenhede van ontluikende markte. In die plaaslike ekonomiese konteks vir die week word die werkloosheidsyfer vir die tweede kwartaal van 2017 bekend gemaak deur Statistiek SA. Die verwagtinge is dat die werkloosheidsyfer steeds hoog sal wees en sommige analiste verwag selfs dat dit hoër behoort te wees as in die eerste kwartaal van 2017. Die moeilike ekonomiese omstandighede tesame met die feit dat die land in 'n tegniese resessie is, is nie positief vir indiensname nie. Die besigheidvertroue is ook steeds onder druk en dit verhoed beleggers om nuwe uitbreidings te maak, wat die ekonomie onder druk plaas en die werkloosheidsyfer waarskynlik hoog hou. Die SARB het egter verlede week teen die verwagtinge van die mark die rentekoerse met 25 basispunte verlaag en dus kan dit mootlik 'n ondersteunende faktor aan die beleggers plaas met die koste van kapitaal wat daal.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliemark het Vrydag effens laer afgesluit, maar kon steeds daarin slaag om die week sterker af te sluit. Die Desember kontrak het Vrydag net bo die ondersteuningsvlak van die 20 dag bewegende gemiddelde prys afgesluit met 'n groot prysdaling wat Vrydag op die Desember kontrak in die mark gesien was. Die meeste van die prysdalings wat Vrydag in die mark gesien was kan toegeskryf word aan die weersvoorspelling wat die moontlikheid van reën vir die week in die Midweste sowel as in die Noordelike pleine voorspel. Hierdie selfde weerverslag toon ook moontlike warm toestande oor groot gedeeltes waar die mielies in die bestuiwingstydperk in beweeg. Die wisselvalligheid in die weerstoestande van die VSA maak die markte baie onseker met die algehele weersvoorspelling wat meestal ondersteuning aan die markte bied. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het Vrydag effens laer verhandel, maar het steeds hoër afgesluit vir die week nadat dit vroeg verlede week goeie ondersteuning gevind het met goeie koopkrag wat plaaslik in die mark gesien was. Volgens verlede week se SAGIS weeklikse verslae is daar tot dusver 544 874 ton terwyl die produsente lewerings vir die seisoen tot dusver 10.56 miljoen ton beloop. Die nuutsste oesskatting word Woensdag deur die NOK bekend gemaak.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het Vrydag effens laer afgesluit, maar het steeds die week sterker afgesluit met die nuwe seisoen kontrakte wat goeie ondersteuning gevind het en bo die $10/skepel gesluit het. Beide die Augustus en die November kontrakte het Vrydag bo belangrike bewegende gemiddelde pryse afgesluit. Die weersvooruitsigte in die VSA sal fyn dopgehou word met die produksiekondisies van die sojabone wat dopgehou sal word. Die ontwikkeling van die sojabone is goed in lyn met die 5 jaar gemiddeld, maar die produksiekondisie is swakker as verlede jaar dieselfde tyd. In die ander internasionale oliesaadmarkte het die Kanadese canola mark laer gesluit terwyl die Europese raapsaadmark teen 'n twee weekse laagtepunt verhandel. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het Vrydag effens laer afgesluit, maar het steeds die week sterker afgesluit nadat dit vroeg verlede week goeie ondersteuning gevind het.

**Koring:** Al drie die Amerikaanse koringmarkte het Vrydag die ander markte laer gevolg en het laer verhandel. Die lentekoring het laer verhandel vir die week met die bekommernisse van produksie kondisies. Die winterkoringmarkte het bo bewegende gemiddelde pryse gesluit. Die winterkoring stroopproses is amper voltooi en die weer veroorsaak nie meer soveel probleme nie. In ander lande soos die EU is die stroopproses van koring aan die gang in Duitsland met die reën wat die proses vertraag terwyl die opbrengste in Frankryk beter lyk as wat die verwagtinge was. Die weer in die lentekoringmark sal fyn dopgehou word met die stroopproses wat binnekort daar begin. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het Vrydag hoofsaaklik sterker verhandel in die naby maande terwyl dit byna onveranderd gesluit het in die verdere maande.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za
**Internasionale Markinsigte & Data:** www.usda.co.za

***Opgestel deur**:Michelle Mokone & Luan Van der Walt/ **Vir navrae, kontak**:Michelle@grainsa.co.za & Luan@grainsa.co.za*

Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*